e-Hervormer

Weeklikse nuusbrief met kommunikasie en kommentaar

23 Julie 2009
Jaargang 2 – Uitgawe 24

Toe Hy hulle voete klaar gewas het, sê Hy vir hulle: *"Verstaan julle wat Ek vir julle gedoen het?"*
Uit Johannes 13: 12

In hierdie uitgawe

- Voorblad
- Beroepe en standplase
- Predikante en gemeentes
- Ander nuus
- Agterblad

Teken in op *e-Hervormer* en ontvang elke uitgawe gratis per e-pos!

- Besoek die webwerf by **www.hervormer.co.za** en kliek op die "Teken in"-opsie; of
- stuur 'n e-pos aan **karen@nhk.co.za**

Stuur 'n e-pos met nuus en berigte aan die redaksie by **produksie@nhk.co.za**

Ons droom is dat alle mense in Jesus Christus sal glo as hoop vir die wêreld

VOORBLAD

Verstaan julle wat Ek vir julle gedoen het?

Verstaan julle wat Ek vir julle gedoen het? Julle noem My julle Leermeester en Here, en julle is reg, want Ek is dit. As Ek, wat julle Here en julle Leermeester is, dan julle voete gewas het, behoort julle ook mekaar se voete te was. **(Johannes 13: 12-14)**

Elke nou en dan hoor 'n mens van die een of ander prominente figuur wat iemand anders se voete gewas het as 'n gebaar van skuldbelydenis en soeke na vergifnis. Oor die opregtheid en worsteling wat met so 'n daad gepaardgaan, kan 'n mens as buitestander nie kommentaar lewer nie. Ons kan maar net begrip hê daarvoor dat, soos in die geval van oudminister Adriaan Vlok, dit vanuit 'n intens persoonlike geloofsworsteling kom.

Die vraag is egter of die gebruik van voetewassing ooit bedoel was as 'n teken van berou en skuldbelydenis. Dit wil eerder voorkom asof dit 'n gebaar van gasvryheid was. Die gasheer sou sorg dat sy gaste wat na 'n stowwerige reis by hom aangekom het, se voete gewas word. Daarmee wou hy hulle gemaklik laat voel en sy gasvryheid aan hulle openbaar. Daarby kan dit ook gesien word as 'n simbool van nederigheid en diens. Dit was gewoonlik die slawe se werk om mense se voete was. Dit is as vernederend beskou. Waarskynlik is dit die voorbeeld wat Jesus aan sy dissipels wou stel toe Hy volgens Johannes 13 hulle voete gewas het. Om 'n dissipel van Jesus te wees, beteken nie om aan die tafel te sit en bedien te word nie, maar om soos 'n slaaf te dien.

Verstaan ons dit regtig? Dit is ook die vraag waarmee ons as Kerk gekonfronteer word. Soos die beeld van die voetewassing hierbo dit vir ons uitbeeld. Dit gaan nie net om die mooi en aangrypende beeld nie. Dit gaan veral om Jesus se vraag daaronder: *Verstaan julle wat Ek vir julle gedoen het?* Want as ons dit regtig verstaan, sal ons besef dat ons nie hier is om bedien te word nie maar om te dien.

Baie keer gaan dit maar vir ons nog te veel om wat ek uit die Kerk kan kry, wat die Kerk vir my kan beteken. Ons behoort eerder die Kerk te sien as die geleentheid wat ek kry om diensbaar te wees aan God en my medemens. Want hoe dien ons die Here? Nie net met gebede, liedere en belydenisse nie. Ons dien die Here veral deur dit wat ons aan ander mense doen. Daarom moet ons ook erns maak met die gedagte van gasvryheid. Wat sien mense by ons as Kerk? Voel hulle welkom en gemaklik? Om iemand se voete te was, beteken om vriendelik en ontvanklik te wees vir dié wie se voete langs die lewenspad vuil geword het. Jesus het immers ons almal se vuil voete gewas sodat ons in sy huis kan inkom en aan sy tafel mag aansit.

Dr Gerhard Lindeque

Skakels

Webblad van die Hervormde Kerk **www.nhk.co.za**
Die Hervormer **www.hervormer.co.za**
e-Hervormer **www.hervormer.co.za/e_Hervormer.html**

Indien u nie weer die *e-Hervormer* wil ontvang nie, kliek op **www.hervormer.co.za/cancel.html**

BEROEPE EN STANDPLASE

Kontak asseblief die webbladredakteur, prof Ernest van Eck, by **ernest.vaneck@up.ac.za** om vakante standplase op die Kerk se amptelike webblad by **www.nhk.co.za** te plaas.

Beroep aanvaar

- **Ds Hannes van der Merwe** van Rustenburg-Suid na Pretoria-Oos

Beroep bedank

- **Ds Johan van Greunen** van Vaalwater (deelsorg) na die Kurumankombinasie

Ds Hannes van der Merwe

Ds Johan van Greunen

PREDIKANTE EN GEMEENTES

- **Ds Jakkie Jacobs,** emerituspredikant van die Kerk en vader van ds Dawie Jacobs van Zwartruggens, is die afgelope week in die hospitaal opgeneem met breinvliesontsteking. Hy was ernstig siek en is nog besig om te herstel. Die Kerk se voorbidding word vir hom gevra.

- Mev Rita van der Merwe, eggenote van **dr Christo van der Merwe** van Kemptonpark-Oos, het onlangs 'n heupvervanging ondergaan. Die operasie was volgens dr Van der Merwe suksesvol, en Rita is reeds weer volstoom aan die werk.

- Dit gaan beter met **ds Hans Britz** van Otjiwarongo/Outjo nadat die gewas in sy bors verwyder is. Hy en sy gesin word sterkte toegebid.

- **Ds Theuns Botha,** emerituspredikant, sterk tans tuis aan na twee beroerte-aanvalle. Sy spraak en linkerarm is aangetas en hy ondergaan steeds behandeling. Ds Botha en sy vrou Kitty word verseker van die Kerk se voorbidding en meelewing. Hul dogter Hannelie is ook 'n predikant van die Kerk. Die volgende brief is van ds Botha ontvang:

  Net om te laat weet dat ek na my tyd in die hospitaal weer by die huis is. Ek wil graag ons gesin se opregte dank en waardering te kenne gee. Eerstens teenoor ons Hemelse Vader vir sy groot genade om my deur hierdie siekte te gedra het. Tweedens aan so baie lidmate en gemeentes vanoor die hele land van wie ons boodskappe en telefoonoproepe ontvang het waarin spoedige herstel en beterskap toegebid word. Ook aan die Administrateur se kantoor vir die beriggewing in die e-Hervormer *en die kerknuusprogram van RSG. Ons waardeer dit opreg.*

Prop Guillaume Rocher

- **Prop Guillaume Rocher** word op Sondag 26 Julie deur Gemeente Nigel ontvang. Hy word as predikant georden en in sy standplaas bevestig. Ds Dries Beukes, predikantslid van die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering (AKV), sal namens die Kommissie groete en gelukwense oordra. Die gemeente was vakant sedert die vertrek van ds Kálmán Papp na die Bybelgenootskap.

- **Ds Gert van Jaarsveld,** emerituspredikant, vier op Sondag 26 Julie sy 60ste jaar as predikant van die Kerk. Sy tuisgemeente Middelburg-Noord, onder leiding van ds en mev Collin Hertzog, maak die feesvieringe moontlik. Omdat ds Van Jaarsveld vanweë verswakte gesondheid en 'n ernstige gehoorprobleem nie meer self 'n erediens kan lei nie, sal ds Hertzog dit doen. Dr Fanie Pretorius sal namens die Kommissie van die AKV gelukwense en groete aan ds en mev Van Jaarsveld oordra.

Prof Ben Engelbrecht

Dr Paul de Beer

Prof Bieks Beukes

- **Prof Ben Engelbrecht** verjaar op 1 Augustus, en dan is hy 86 jaar oud. Sy bene gee hom las, maar verder is hy nog gesond en werk hy ook nog elke dag. Hy en sy vrou was op 28 Junie reeds 62 jaar getroud. Die Kerk bid die egpaar seën en sterkte toe.

- **Dr Paul de Beer** werk tans volstoom as brugpredikant van Gemeente Olifantsfontein. Hy doen huisbesoek in die hele gemeente en behartig die eredienste by Midstream se nuwe kerkgebou. Die eredienste by die kerkgebou in Olifantsfontein word deur ander beskikbare predikante gelei.

- **Prof Bieks Beukes** werk reeds die afgelope maand as brugpredikant in Durban-Suid. Sy vrou, Monica, vergesel hom nie hierdie keer nie. In Pretoria help hy ook met projekte by Gemeente Oos-Moot.

- **Die volgende predikante verjaar van 24 tot 31 Julie,** en word hartlik geluk gewens:
  - Vrydag 24 Julie: Ds Henk Pienaar
  - Sondag 26 Julie: Di Louis Steyn en André Oberholzer
  - Dinsdag 28 Julie: Ds At Mc Donald en prof Gert Pelser
  - Woensdag 29 Julie: Ds André Thomas
  - Donderdag 30 Julie: Di Sarel Oosthuizen en Danie van der Watt
  - Vrydag 31 Julie: Dr Jan Vorster en ds Antoinette van Zyl

- Die uitgestrekte **Kurumankombinasie** in die Noord-Kaap bied besondere uitdagings en benodig dringend ’n predikant. Die kerkraad het op Dinsdag 21 Julie onder leiding van die konsulent, ds Hardie Kotzé van Vryburg, vergader en beplan vir die toekomstige bearbeiding nadat die predikant wat onlangs daarheen beroep is, dit nie aanvaar het nie.

- **Die gemeentes Dordrecht en Queenstown** het hul werkooreenkoms met ds Tinus Swart, deeltydse predikant van Petrusburg, hernu. Ds Swart besoek die gemeentes twee keer per maand. Hy doen al die pastorale werk en behartig die eredienste. Hy woon in Bloemfontein en doen die werk oor groot afstande. Ons wens hom sterkte toe.

- Werk rakende die **69ste AKV** wat geskeduleer is vir **26 September tot 2 Oktober 2010**, het in die kantoor van die skriba begin. Die eerste beskrywingspunte wat van ringsvergaderings ontvang is, is reeds in die konsepagenda opgeneem. Tans word ook ondersoek gedoen na ’n alternatiewe vergaderplek, aangesien die Aula weens bouwerk moontlik nie beskikbaar gaan wees nie. Gemeentes en predikante moet asseblief let op die geskeduleerde datums, sodat jaarprogramme dit in aanmerking neem en predikante nie in die tydperk van die AKV verlof neem nie.

- **Ringskribas** wie se ringsverslae en ander vereiste dokumente nog nie by die sekretaris van die Kommissie ingehandig is nie, word versoek om dit onverwyld te doen. Die finale afsnydatum is **Vrydag 31 Julie**. Verslae wat daarna ontvang word, sal nie verwerk kan word vir die Kommissie se agenda en kennisname nie.

- ’n Vraelys oor die behoefte aan ’n nuwe **populêr-wetenskaplike teologiese tydskrif** is vroeër vanjaar aan alle gemeentes gestuur. Kerkrade wat nog nie die vraelys voltooi en teruggestuur het nie, word versoek om dit dringend te doen. Die voltooide vraelyste kan aan dr Wouter van Wyk, Sekretaris: Toerusting, Inligting en Kommunikasie, gestuur word by **wouter@nhk.co.za**. Die vraelys kan ook elektronies van hom bekom word.

- Alle ringskribas word versoek om die name en kontakinligting (selfoonnommer en e-posadres) van alle kolporteurs of persone gemoeid met **kerklike**

publikasies in elk van die ring se gemeentes aan SENTIK deur te gee. Ringskribas is versoek om na afloop van hul ringsvergaderings die name van al die gemeentes se verteenwoordigers deur te stuur, maar slegs enkele ringskribas het op die versoek gereageer. Die kontakinligting is baie belangrik met die oog op die bestelling van kerklike tydskrifte, wat eersdaags geplaas moet word. SENTIK beplan ook 'n **werkswinkel oor kommunikasie** waarheen hierdie gemeenteverteenwoordigers en die redakteurs van gemeentenuusblaaie uitgenooi gaan word.

- Na die goeie reaksie op berigte oor Gemeente Bellville se webblad, vra **ds Jan-Harm Barkhuizen** van **Gemeente Weskus** dat ook melding gemaak moet word van hul webblad by **www.nhkweskus.co.za**. Dit bevat inligting oor eredienste wat opgeneem word en afgetrek kan word deur lidmate in die buiteland.

- Die jeugbediening *Magtige Dreuning* bied op **Sondag 26 Julie** om 18:00 'n aanbiddingsdiens met hoofsaaklik Taizé-liedere (uit die *Liedboek van die Kerk*) en STILTE as aanbiddingsmiddele aan by Gemeente Wonderboompoort, hv Mansfieldlaan en Eloffstraat, Eloffsdal. Besoek **magtigedreuning@gmail.com** vir meer inligting.

- **Gemeente Potchefstroom-Suid** se geskiedenis vanaf 1955 tot 2005 (50 Jaar) is beskikbaar in 'n besondere **Gedenkbundel**. Alle lidmate wat in die tyd van ds Koos Naudé, ds Org Habig, ds JD Maloney, ds Geo Smit en prof Theo Koekemoer in die gemeente was, sal die blad teen R40 (posgeld ingesluit) baie interessant vind. Kontak die gemeentelike kerkkantoor (Dinsdae tot Donderdae van 07:45 tot 11:45) by 018 294 6871.

- **Gemeente Makarios** se e-posadres het verander na **makarios@myconnection.co.za**. Bring asseblief die nuwe besonderhede aan op bladsy 134 van die *Almanak.*

- Daar is nog 12 plekke oor vir die toer wat **onder leiding van ds André Ungerer** na die **2010 Passiespel** onderneem word. Die deposito moet egter voor die einde van Julie betaal word. Besoek en beleef saam vir 17 dae Paulus se reise na Turkye, Griekeland, Italië, asook die Passiespel in Oberammergau in Duitsland (een van die toerhoogtepunte). Daar is ook 'n opsionele verlenging na die Swartwoud, Rynvalle (Duitsland), Alpe (Switserland) en Parys (Frankryk). Die vertrekdatum is 8 Junie 2010. Kontak ds André Ungerer of sy vrou, Esbé, by 018 468 5127, 082 940 8201 of **nhrngzpg@mweb.co.za**.

- Die **NHSV** is dinamies op pad. Van **Saterdag 1 Augustus tot Saterdag 12 September** vind die **17 NHSV Streekbyeenkomste** in die land en in Namibië plaas. Alle Hervormde vroue word uitgenooi om die byeenkomste by te woon en saam te besin oor die tema *'n Tyd om te volhard. Hervormde vroue in gesprek.* 'n Paar duisend spesiale uitnodigings is deur die hoofbestuur gedruk en aan gemeentes gestuur om soveel Hervormde vroue moontlik uit te nooi om die geleentheid nasionaal te benut. Predikante en kerkrade moet asseblief hierdie saak afkondig en vrouelidmate aanmoedig om deel te neem.

- Die **NHSV Leeudoringstad** bied op **Saterdag 1 Augustus** 'n **oggendtee** aan. Kom leer iets nuuts oor sjokolade en kuier saam met die gasvrye mense van Leeudoringstad. Die kunstenaars is Francois en Elizabeth Fourie. Uitstallers sal die oggend verder opvrolik, en daar sal gelukkige trekkings wees. Bespreek by Thea van Rooyen by 018 581 3432 of 073 723 9883. Kaartjies is beskikbaar teen R80 per person.

- Die ring van Bronkhorstspruit bied 'n **Diakenstoerustingskursus** aan op **Saterdag 1 Augustus** by Gemeente Delmas. Kontak Marlene Greeff by **mgreeff@nhk.co.za** of 083 487 1339, 013 656 1621 (werk) of 013 692 7361 (huis) voor 16 Julie.

- **Gemeente Rooihuiskraal** bied ’n **Huweliksverrykingstoer** na die Krugerwild-tuin aan van **Saterdag 8 tot Maandag 10 Augustus** (oor die langnaweek). Bespreek by dr Gerhard Lindeque by 082 374 8703 of **gclindeque@absamail.co.za**.

- **Gemeente Noordelike Pretoria** bied op **Vrydag 21 Augustus** ’n **Klokkespelvertoning** aan in hul kerkgebou by 12de Laan 520, Gezina. Die vertoning begin om 19:00. Kontak Lydia Strauss by 083 414 5161 vir meer inligting.

- **Gemeente Krugersdorp-Noord** bied weer hul jaarlikse **Musiekfees** aan op **Vrydagaand 21 Augustus** om 19:00 in die Klipkerk, hv Kruger-en Presidentstraat, Krugersdorp. Die Cantaté-kamerkoor onder leiding van Lorette du Toit tree op. Die orreluitvoering word gedoen deur Ockie Vermeulen, wat ’n CD uitgereik het saam met Wim Viljoen en ander kunstenaars. Saam met hom tree ook die doedelsakspeler Liam O’Flaherty op. Die mannegroep *Unltd* en ’n instrumentale trio, saam met plaaslike kunstenaars, sal die program verder afrond, asook Hoërskool Noordheuwel se koor, Paul Obermeyer en Rianda Fourie. Daar sal ook samesang wees. Kaartjies kos R50 per persoon. Kontak ds Johan en mev Marita Fourie by 011 953 1402 of 072 278 1456.

- **Gemeente Springs-Oos** is op **9 September 50 jaar** oud. Op daardie Woensdagaand gaan op kleurryke wyse verjaardag gevier word met Gerhard Steyn. Op **Saterdag 12 September** vind ’n *touch rugby*-toernooi plaas, waar laerskool-, hoërskool- en naskoolse spanne in aksie gaan wees, met groot pryse op die spel. Op **Sondag 13 September** vind die Nagmaal plaas, wat die gemeente die Feesnagmaal noem. Tydens die feesdiens sal die vorige leraars van die gemeente saam met die huidige leraar Nagmaal bedien. Op dié dag gaan daar ’n osbraai gehou word – voorbereidings word getref om vir 800 gaste reg te maak. As deel van die feesvieringe sal ’n **gedenkalbum** gepubliseer word. Talle ander gedenkartikels is ook gemaak – onder andere mesversamelings, dasse en wyne. Navrae kan gerig word aan die skriba, oudl Retha Laubscher, by 083 475 1962 of **rethalaubscher@telkomsa.net**.

- **Gemeente Balfour** is op **26 September 50 jaar oud**. Hulle **vier fees** die naweek van **11 tot 13 September**. Vrydagaand tree Rina Hugo op, en die kaartjies kos R70 per persoon (ete ingesluit). Op Sondag 13 September is daar ’n Nagmaaldiens (ook met ’n ete).

****

Basaars en ander fondsinsamelings

- **Gemeente Noordelike Pretoria** en die Mootsorgsentrum bied op **Dinsdag 28 Julie** die **Noordes Gholfdag** aan by die Akasia-buiteklub. Navrae kan gerig word aan Hendrik Pieterse by 082 447 3286 of Gerdi Wolfswinkel by 082 262 1224.

- **Gemeente Buffelspoort** (voorheen **Marikana**) hou hul **Buffelfees** van **Vrydag 31 Julie tot Sondag 2 Augustus** by ATKV Buffelspoort. Vrydagaand vermaak Zack du Plessis, Fanie de Villiers en Wynand Claassen die gaste met *Stoepstories*, terwyl Andries Krogmann die potjiekos maak. Saterdag vind ’n Bergwedloop plaas oor 5, 10 en 15 km, asook ’n Mashie-gholftoernooi. Daar is heelwat stalletjies met biltong en smulgeregte, asook pryse ter waarde van R100 000 wat opgeraap kan word. Jennifer Zamudio, Bobby van Jaarsveld en Lianie May tree ook Saterdag op. Dit is ’n fees wat nie misgeloop moet word nie. Toegang is gratis. Vir meer inligting, skakel ds Neels van Tonder by 072 633 3367.

- Die grootste en lekkerste fees in **Gaborone** gebeur op **Saterdag 1 Augustus** van 09:00 tot laat by die *Academy of Toddlers* in Phakalane. Dit is hul groot **Biltong- en Potfees**. Daar sal verskeie stalletjies wees, met onder andere hul eie twee soorte wors wat net een keer 'n jaar te koop is – Kereke- (Tswana vir *Kerk s'n*) en Savuti-wors. Beleef ook grootskermrugby en neem deel aan die potjiekoskompetisie. Buite-uitstallers is welkom (dit mag net nie kosprodukte wees nie) teen P250 vir die dag. Vir meer inligting skakel ds Marthinus van Staden by +267 3937703 of 713 07197, of Peet Oosthuizen by +267 711 16075.

- **Gemeente Vliegepoort** bied op **Saterdag 8 Augustus** die **Thabazimbi Apiesdoring Karnaval** aan. Die tema is *Apiesdoring koningboom*, en die stalletjies word opgemaak met name van bekende bosveldbome. Die eerste 100 biltong- of vleiskopers sal ook gratis 'n bosveldboompie ontvang. Daar is honderde kilogramme wilds- en beesbiltong te koop teen net R99 per kg. Om by die tema te pas, is daar ook 'n boomklimkompetisie! Beesskof op die spit gebraai, pap en wildslewer met suursous, bakoondbrood, roosterkoeke, potbrode, nat beskuit, ensovoorts is ander lekkernye wat beskikbaar sal wees. Skakel die karnavalvoorsitter, Isak Joubert, by 083 488 6357 of ds Hennie van der Linde by 083 507 0335.

Ses Snare

- **Gemeente Klerksdorp-Oos Môrester** bied op **Vrydag 14 Augustus** 'n **biltongete en dans** aan. Kontak Veronica Blake by 082 969 1302, Petro Coetzee by 083 400 3250 (na ure 018 468 7070), of ds Stephan Botha by 018 462 9437.

- **Gemeente Rustenburg-Tuine** bied op **Vrydag 14 Augustus** 'n vertoning van die *Ses Snare* in die Rustenburgse Burgersentrum aan. Bespreek by Amanda Bouwer by 014 533 0297 of 014 592 9984 (ná 13:00) of by 082 796 8828.

Eden

- **Gemeente Vaalpark** bied op **Vrydag 14 Augustus** om 19:00 'n **vertoning van Eden en Lianie May** aan by die DP de Villiersstadion in Sasolburg. Kaartjies is by Computicket of enige Checkers- of Shoprite-winkel te koop teen R100 en R120. Verskeie verversings sal ook te koop aangebied word. Kontak Danie le Roux by 082 816 8453 of Dorea du Bruyn by die gemeentekantoor (016 971 1999) vir meer inligting.

- **Gemeente Erasmia** reël 'n **Bybelstap** vir **Saterdag 15 Augustus** by die Voortrekkermonument. Skakel 082 962 2870 of 012 370 3513 vir meer inligting.

Lianie May

- **Gemeente Rustenburg-Tuine** bied op **Donderdag 20 Augustus** 'n **gholfdag** aan waarvan die volle wins ten bate van liefdadigheid sal wees. R12 000 gaan na Huis Prinsloo DPS-huis in Rustenburg, en die res van die geld na die Tuine-Uitreikprojek.

- Op **Saterdag 22 Augustus** tree Zak van Niekerk op by Laerskool Oosterkruin, Bataviastraat, Gerdview ten bate van **Gemeente Primrose-Oos se Saadjieprojek**. Kontak Janita Swanepoel by 082 562 9628, Annelie Swanepoel by 082 870 7795 of Antoinette Jacobs by 071 672 6794.

- **Gemeente Springs-Oos** se **feesbasaar** vind plaas op **Vrydag 28 en Saterdag 29 Augustus** by die Driehoekterrein in Lodeyko, Springs. Kontak mev Adele Roets by 011 362 2570 na ure of Katrien Prinsloo by 011 815 1376.

- **Gemeente Theresapark** hou op **Vrydag 28 Augustus en Saterdag 29 Augustus** 'n **outydse basaar** en gratis potjiekoskompetisie. Daar is groot pryse te wen, en 'n Boeremusiekorkes sal bydra tot die pret. Inskrywingsvorms vir die potjiekoskompetisie en verdere inligting kan bekom word van Mariana van Zyl by 012 542 1321, 012 542 3568, 086 661 2005 (faks), 073 099 3699 of **nhtheresapark@absamail.co.za**.

- **Gemeente Mafeking** hou hul **Oppieplaasbasaar** op **Saterdag 29 Augustus** op die kerkterrein in Nelson Mandelarylaan. Daar is etlike pryse te wen, waaronder kontant, etes, geskenkbewyse en vakansie-akkommodasie in Margate. Plante, troeteldiere, tuisgebak en handwerk is onder andere te koop. Unieke plaaslik vervaardigde items, 'n Nguni-beesvel en twee oorspronklike skilderye deur Christiaan Nice sal opgeveil word. Vir die kinders is daar boeresport, 'n springkasteel, speletjies en 'n reuseglybaan. Kreatiewe plaasmense kan plaaspatente inskryf vir 'n kompetisie. Kom kyk na en koop outydse gereedskap en ornamente. Hoor hoe klap 'n sweep! Die *Local Broers* is die orkes wat musiek verskaf. Kontak Stephan J van Rensburg by 083 702 1341 of **stefanvr@gds.co.za**, Junita J van Rensburg by 082 785 5973 of **jjvrensberg@clinix.co.za**, Magda Redelinghuys by 082 825 1913 of **magda.redelinghuys@gmail.com**, of Adriaan Redelinghuys by 082 789 1523 of **adriaanred@yahoo.com**.

- **Gemeente Pretoria-Oos** bied op **Dinsdag 8 September** 'n **gholfdag** aan by die Waterkloof Gholfklub. Die koste is R2 000 per 4-bal inskrywing. Dit sluit 18 putjies gholf in, asook middag- en aandete en verskeie pryse. Gemeentes van ons Kerk word uitgenooi om deel te neem. Skakel met die gemeentelike kerkkantoor vir meer inligting of om in te skryf. Kontak Diana Henry by 012 460 8441 of **ptaoos@nhk.co.za**.

Mathys Roets

- **Gemeente Montana** bied op **Vrydag 11 September** om 19:00 'n vertoning met **Mathys Roets** aan by Montana Hoërskool. Kaartjies kos R100 (volwassenes) en R50 (laerskoolkinders). Kontak die gemeentelike kerkkantoor by 012 567 1753, Salomie Stoltz by 083 308 0520 of Jorina Erasmus by 072 171 2502.

- Die bestuur van die **Van der Hoff Teologiese Vereniging** beplan 'n **Gholfkompetisie** vir **Dinsdag 22 September**. Kontak Marius Kramer by 082 346 7258, Elritia le Roux by 083 503 4262, Tiaan Loedolff by 073 529 1538, of Lise-Marie Swanepoel by 083 943 4561.

- **Gemeente Weltevreden** hou op **Dinsdag 13 Oktober** vanjaar sy 9de Jaarlikse Wilde Weste **Gholfuitdaging** by Eagle Canyon aan die Wes-Rand. Kontak Tinus de Wet by 082 774 7013 of Izane Cloete-Hamilton by 082 320 6168.

- **Gemeente Magaliesmoot** hou van 2 tot 5 Desember 'n **Kersmark**. Belangstellendes kan hul eie produkte daar kom uitstal of verkoop. Kontak Elma by 082 954 7955 vir keuring.

ANDER NUUS

- Op **Donderdag 30 Julie** vind 'n belangrike vergadering oor die **beplanning en koördinering van werksaamhede** by die Sinodale Kerkkantoor plaas. Verteenwoordigers van al die kerklike rade en instansies is genooi om deel te wees van 'n gesprek oor die visie van die Kerk, belangrike temas vir 2010, en die Kerk se korporatiewe beeld en kommunikasie. Die Sekretaris: Toerusting, Inligting en Kommunikasie, dr Wouter van Wyk, wag nog vir inligting van sekere instansies oor **belangrike gebeure of herdenkings** wat vir **2010** beplan word.

- **Dr Gert Malan** se boek ***Om die Bybel (beter) te verstaan*** vorm vanjaar deel van die bestek van die Landswye Bybelvasvra. Dit is by SENTIK beskikbaar teen R35 (posgeld uitgesluit). Bestel van mev Susann van Zyl by 012 322 8885 x291 of sentik@nhk.co.za.

- Lede van die **Raad vir Regsadvies** word daaraan herinner dat die volgende vergadering op **Woensdag 12 Augustus** plaasvind en nie op 10 Augustus soos bepaal nie.

Belangrike vergaderings

- Die volgende vergaderings is vroeër beplan, maar kon moontlik intussen verander het. Betrokkenes moet hulself asseblief vergewis van die korrekte vergadertye en lokale.

    - Dagbestuur van die Algemene Diakensvergadering (ADV) op Vrydag 24 Julie
    - Seminaar oor aftrede vir predikante op Vrydag 24 Julie by die Sinodale Kerkkantoor
    - NHSV Dagbestuur op Saterdag 25 Julie
    - Beurskomitee van die Kuratorium op Dinsdag 28 Julie
    - Komitee en Direksie van die Afrika Instituut vir Missiologie (AIM) op Dinsdag 28 Julie
    - Dagbestuur van die Kinderhuise op Woensdag 29 Julie
    - Komitee vir Missionêre Gemeentes op Woensdag 29 Julie
    - Bestuursvergadering van Die Ondersteuningsraad op Donderdag 30 Julie

****

50-plussers

Herontplooi jou unieke talente en vaardighede

Die diakens wil graag 'n positiewe bydrae lewer om die lewens van ons 50-plusser lidmate te verryk. Hierdie groep lidmate is besig om in 'n groot arbeidskrag in die Kerk te ontwikkel.

Daarom het die Kommissie van die ADV 'n program geïdentifiseer wat hulle tydens 'n werkswinkel in die Kerk wil bekendstel. Die program is ontwikkel deur Aletia Nortjé, 'n geregistreerde psigometris, en die tema van die werkswinkel is *Herontplooi jou unieke talente en vaardighede*.

Die inhoud van die werkswinkel is die volgende:

- Identifiseer jou persoonlikheidstipe se sterkpunte, kommunikasie- en konflik-hanteringsvoorkeure.
- Woeker met jou talente, vaardighede en gawes.
- Herontwerp aftrede: Wend jou sterkpunte nuut aan.
- Leer meer oor selfonderhoudende en stimulerende projekte.

Datum:	Donderdag 6 Augustus
Tyd:	08:00 tot 17:00
Koste:	Gratis
Plek:	Gemeente Wapadrant

Die Kommissie wil aan die einde van die werkswinkel die bruikbaarheid van die program vir die Kerk evalueer.

Die eerste 20 lidmate wat voor 31 Julie bevestig dat hulle die werkswinkel sal bywoon, sal geakkommodeer kan word. Besprekings kan gedoen word by Marié van Niekerk by 012 322 8885 of **kinderhuise@nhk.co.za**.

Dr Wilhelm Coetzer

****

- Die **Barmhartigheidsdiens van die Kerk** het ’n vakature vir ’n **Rekenkundige Beampte** in die Rekenmeester se kantoor. Die kandidaat moet oor minstens Graad 12 met Rekeningkunde as vak beskik, en minstens 4 jaar ervaring van rekenkundige werk hê. Rekenaarvaardighede in Pastel en MS Office (meestal Excel) is noodsaaklik. **Die sluitingsdatum vir aansoeke is 31 Julie**. Stuur u CV aan mnr Piet Beukes, Mannekragbestuurder, per e-pos na **piet@nhk.co.za** of per faks na 086 630 5150. Skakel hom by 012 322 8885 x251 vir meer inligting.

AGTERBLAD

Met ’n lied in die hart

Hierdie gewilde boeke is nog by SENTIK se boekwinkel beskikbaar:

- Begeleiersboek teen R300 (posgeld uitgesluit)
- Kitaarbegeleiersboek teen R280 (posgeld uitgesluit)
- *Gewyde erfenis – ons kerklied* van prof HG van der Westhuizen teen R65 (posgeld uitgesluit)

Bestel die boeke van mev Susann van Zyl by 012 322 8885 x291 of **sentik@nhk.co.za**.

Ons droom is
dat alle mense
in Jesus Christus sal glo
as hoop vir die wêreld

Redakteur: Dr Gerhard Lindeque
Subredakteur: Ds André Ungerer
Kerknuus: Dr Fanie Pretorius
Teksversorger: Mev Tessa Oppermann
Uitlegkunstenaar: Mej Francis Coertse